| Eisner (2012) se basiese oriëntasies tot *kurrikulum* as ordeningsraamwerk | Kurrikulum-teoretici | Kurrikulumperspektief en -doel | Belangrike werke van die kurrikulum-teoretici | Verbinding met Dillon (2009) se kernkurrikulumvrae |
|---|---|---|---|---|
| Akademiese rasionaliteit | Arend Carl | Sistematiese en professionele kurrikulum-ontwikkeling binne die Suid-Afrikaanse konteks; balans tussen teorie en praktyk word beklemtoon deur die fokus te plaas op die bemagtiging van die onderwyser as mikrovlak-kurrikulumontwikkelaar. | *Teacher empowerment through curriculum development* (1995; 2002; 2009; 2012; 2017; 2024) | • *Wat behoort onderrig te word?* Dissiplinêr gefundeerde en opvoedkundige kennis.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Beleidsraamwerke bied rigting, maar onderwysers neem professionele interpretatiewe besluite. Onderwysers tree op as kurrikulumontwikkelaars op mikrovlak.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur reflektiewe en teoreties ingeligte pedagogie.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders, met erkenning van diversiteit en kontekstuele behoeftes.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van kennis, professionele oordeel en verantwoordelike burgerskap. |
| Persoonlike relevansie | Lawrence Stenhouse | Sterk fokus op die proses van leer en ondersoek-gebaseerde leer. Hy was gekant daarteen dat *kurrikulum* gefokus moet wees op behavioristiese doelwitte.. Stenhouse se siening van *kurrikulum* staan bekend as die prosesbenadering. Onderwysers word geag as agente van verandering en lewenslange navorsers om aan te pas by snel groeiende veranderende kontekste. | *An introduction to curriculum research and development* (1975) | • *Wat behoort onderrig te word?* Inhoud is belangrik, maar die ondersoek en proses van vorming van kennis en idees is sentraal.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Onderwysers speel 'n aktiewe rol as kurrikulumontwikkelaars en navorsers. Onderwysers se vermoë om onderrig- en leerpraktyke aan te pas volgens 'n gegewe konteks word beklemtoon.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur ondersoekende, dialogiese en besinnende pedagogie.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders as aktiewe deelnemers aan kennisondersoek.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van kritiese denke, intellektuele outonomie en professionele konteksgebaseerde leer. |
| | William Doll | Hy stel vier kenmerke van 'n postmoderne kurrikulum voor: rykheid, herhalende verdieping, verhoudings, intellektuele strengheid. *Kurrikulum* word geken-merk as 'n komplekse, oop en selforganiserende proses wat lineêre doelwitgebaseerde rasionaliteit verwerp. | *A post-modern perspective on curriculum* (1993) | • *Wat behoort onderrig te word?* Ryk en oop kennis wat persoonlike interpretasie moontlik maak.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Dialoog tussen onderwyser en leerders vorm die kurrikulum dinamies.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur reflektiewe, dialogiese en hermeneutiese pedagogie.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Leerders as unieke betekenisvormers binne leerprosesse.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van selfrefleksie, identiteit en transformerende betekenis. |
| | William Pinar | *Kurrikulum* as geleefde, outobiografiese en hermeneutiese ervaring; fokus op subjektiewe betekenisvorming | *Understanding curriculum* (1995) | • *Wat behoort onderrig te word?* Kennis wat besinning oor self, geskiedenis en samelewing moontlik maak.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Nie slegs beleid nie; die individu se ervaring en interpretasie vorm die geleefde kurrikulum.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur outobiografiese selfrefleksie, dialoog en kritiese interpretasie.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Leerders as unieke, histories gesitueerde subjekte.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van selfverstaan, identiteit en kritiese bewussyn. |
| Sosiaal aanpassing en rekonstruksie | Paulo Freire | Kurrikulum as kritiese bevrydingspraktyk; transformasie van onregverdige sosiale strukture | *Pedagogy of the oppressed* (1970) | • *Wat behoort onderrig te word?* Alledaagse temas wat uit leerders se werklikheid en sosiale konteks spruit. Sterk klem word gelê op algemene kennis.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Besluitneming is dialogies; leerders en onderwysers identifiseer saam betekenisvolle inhoud.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur dialoog, probleemstelling en kritiese refleksie.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Gemarginaliseerde en onderdrukte groepe sowel as alle leerders as historiese agente.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van kritiese bewussyn en sosiale transformasie. |
| | Michael W. Apple | Kritiese ontleding van *kurrikulum* as 'n ideologiese konstruk; fokus op mag en kennis binne onderrig- en leerpraktyke | *Ideology and curriculum* (1979); *Official knowledge* (1993) | • *Wat behoort onderrig te word?* Seleksie van kennis is ideologies; sekere kennis word bevooroordeel.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Beleids- en magstrukture speel 'n dominante rol, maar kan bevraagteken word.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Kritiese pedagogie wat ideologie en mag ontbloot.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders, met besondere aandag aan gemarginaliseerde groepe.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Bevordering van demokratiese deelname, kritiese bewussyn en sosiale geregtigheid. |
| | John Dewey | Ervaringsgebaseerde, demokratiese kurrikulum; onderwys as sosiale vernuwing. Kurrikulum word beskryf as 'n deurlopende rekonstruksie vanuit die leerder of student se ervarings. | *Democracy and education* (1916); *Experience and education* (1938) | • *Wat behoort onderrig te word?* Kennis en ervarings wat deelname aan 'n demokratiese samelewing bevorder.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Onderwysers fasiliteer seleksie in dialoog met leerders en gemeenskaplike behoeftes.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur ervaringsleer, samewerking en probleemoplossing.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders as burgers-in-wording binne 'n demokratiese gemeenskap.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Bevordering van demokratiese deelname, sosiale groei en gedeelde probleemoplossing. |
| | George S. Counts | Onderwys as instrument vir doelbewuste sosiale hervorming | *Dare the school build a new social order?* (1932) | • *Wat behoort onderrig te word?* Inhoud wat sosiale probleme en ongelykhede aanspreek.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Onderwysers en samelewing behoort doelbewus kurrikula te vorm om sosiale verandering te bevorder.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Kritiese bespreking van sosiale kwessies en demokratiese dialoog.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders as toekomstige burgers en agente van verandering.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Skep van 'n meer regverdige en demokratiese samelewing. |
| | Lesley Le Grange | Gedekolonialiseerde en posthumanistiese kurrikulumdenke | *Currere's active force and the Africanisation of the university curriculum* (2014)<br>*Decolonising the university curriculum: Leading article* (2016)<br>*Decolonising, Africanising, indigenising, and internationalising curriculum studies: Opportunities to (re) imagine the field* (2018)<br>*Currere's Active Force and the concept of ubuntu* (2018)<br>*Decolonising the university curriculum: The what, why and how* (2020) | • *Wat behoort onderrig te word?* Veelvoudige kennisvorme, insluitend inheemse en gemarginaliseerde epistemologie.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Besluitneming behoort inklusief te wees en verskeie epistemiese gemeenskappe te betrek.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur dialogiese en transdissiplinêre pedagogie.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Diverse leerders binne 'n postkoloniale en multikulturele konteks.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Epistemiese geregtigheid, transformasie en volhoubare samelewings. |
| | Jonathan Jansen | Kritiese ontleding van postapartheid kurrikulum; kennis, ras en transfor-masie in onderwys word beklemtoon. | *Curriculum. Organising knowledge for the classroom* (2002; 2009; 2012; 2013 – contributor)<br>*Why outcomes-based education will fail: an elaboration* (1999)<br>*Curriculum reform in South Africa: a critical analysis of outcomes-based education* (1998)<br>*As by fire: The end of the South African university* (2017) | • *Wat behoort onderrig te word?* Kennis wat historiese bewussyn, identiteit en kritiese refleksie bevorder.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Beleids- en institusionele besluite moet krities bevraagteken word in die lig van geskiedenis en mag.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur dialogiese en reflektiewe pedagogie wat historiese ervarings erken.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Diverse leerders met verskillende historiese en kulturele ervarings.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Bevordering van versoening, sosiale kohesie en transformasie. |
| | Aslam Fataar | Erkenning van ongelykheid, kennis en sosiale konteks wat die *kurrikulum* voorop stel. Die fokus is op die sosiologie van *kurrikulum*. | *Access to schooling in a post-apartheid South Africa: Linking concepts to context* (1997)<br>*Higher education policy discourse in South Africa: a struggle for alignment with macro development policy: perspectives on higher education* (2003)<br>*Decolonising education in South Africa: perspectives and debates* (2018) | • *Wat behoort onderrig te word?* Kennis wat leerders se geleefde ervarings en sosiale realiteite erken.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Besluitneming behoort kontekssensitief te wees en leerders se stemme te betrek.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur pedagogie wat ruimte, identiteit en leerervaringe integreer.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Diverse leerders met verskillende ruimtelike en sosiale trajekte.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Bevordering van epistemiese toegang, transformasie en sosiale geregtigheid. |
| | Jane Addams | Addams beskou opvoeding as 'n sosiaal ingebedde en demokratiese proses wat leerders toerus vir aktiewe burgerskap en gemeenskapsdeelname. Vanuit haar werk by Hull House beklemtoon sy ervaringsgebaseerde leer, sosiale geregtigheid en die integrasie van skool en gemeenskap. Die doel van die kurrikulum is dus sosiale transformasie, empatie en demokratiese deelname. | *Democracy and social ethics* (1902); *The spirit of youth and the city streets* (1909); *Twenty years at Hull House* (1910) | • *Wat behoort onderrig te word?* Inhoud wat sosiale bewustheid en gemeenskapsdeelname bevorder.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Besluitneming as demokratiese proses tussen gemeenskap, onderwysers en leerders.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur ervaringsleer, gemeenskapsbetrokkenheid en dialoog.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders as lede van diverse gemeenskappe.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van empatie, demokratiese burgerskap en sosiale geregtigheid. |
| | Basil Bernstein | Bernstein beskou kurrikula as sosiale konstruksies wat deur mag, klas en institusionele praktyke gevorm word. | *Class, codes and control* (1971–1975); *Pedagogy, symbolic control and identity* (1996); *The structuring of pedagogic discourse* (1990) | • *Wat behoort onderrig te word?* Die seleksie van kennis weerspieël dominante sosiale en institusionele magstrukture.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Besluitneming berus by beleids- en institusionele agente wat pedagogiese diskoers legitimeer.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur pedagogiese raamwerke en kodes wat die graad van onderwyser- en leerderbeheer bepaal.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Toegang tot kennis word ongelyk versprei; pedagogiese kodes kan in- of uitsluiting bevorder.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Onderrig kan sosiale reproduksie legitimeer of kritiese transformasie moontlik maak. |
| Tegniese oriëntasie | Franklin Bobbitt | Die fokus word geplaas op struktuur, voorspelbaarheid en objektiwiteit van die kurrikulum. Perspektiewe word sterk beïnvloed deur behavioristiese en positivistiese denke. Beide Bobbitt en Charters word deel gesien van die wetenskaplike-kurrikulum-beweging. | *Some general principles of management applied to the problems of city-school systems* (1913)<br>*The curriculum* (1918)<br>*How to make a curriculum* (1924) | • *Wat behoort onderrig te word?* Vaardighede en kennis afgelei uit sosiale en beroepsrolle.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Kundiges en kurrikulumontwerpers wat samelewingsbehoeftes ontleed.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Sistematiese en doelgerigte onderrig gebaseer op taakontleding.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Leerders as toekomstige rolspelers in die samelewing.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Doeltreffendheid, produktiwiteit en sosiale aanpassing. |
| | Werrett Charters | | *Methods of teaching: developed from a functional standpoint* (1909)<br>*Curriculum construction* (1923) | • *Wat behoort onderrig te word?* Spesifieke gedrags- en vaardigheidsuitkomste afgelei uit sosiale funksies.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Kurrikulumkundiges wat doelwitte wetenskaplik formuleer.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur gestruktureerde en doelgeoriënteerde onderrig.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Leerders as ontvangers van voorafbepaalde leeruitkomste.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Bereiking van voorafbepaalde gedrags- en prestasiedoelwitte. |
| | Ralph Tyler | *Kurrikulum* as doelwit-gebaseerde, rasioneel beplande proses; fokus op meetbare uitkomste en evaluering. | *Basic principles of curriculum and instruction* (1949) | • *Wat behoort onderrig te word?* Voorafbepaalde leerdoelwitte wat uit opvoedkundige en samelewingsbehoeftes afgelei word.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Kurrikulumontwerpers en onderwysers binne die raamwerk van beleid en doelwitte.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur sistematiese leerervarings wat doelbewus gekies en georganiseer word.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders as ontvangers van gestruktureerde leerprogramme.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Bereiking van spesifieke, meetbare leeruitkomste. |
| | William Spady | *Kurrikulum* as uitkoms-gebaseerde ontwerp; fokus op demonstreerbare leerprestasie en sistematiese beplanning | *Outcomes-based education* (1994) | • *Wat behoort onderrig te word?* Spesifieke uitkomste en bevoegdhede wat leerders moet demonstreer.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Beleidmakers en kurrikulumontwerpers in reaksie op samelewings- en beroepsvereistes.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur bemeesteringsleer en assessering wat fokus op prestasie van uitkomste.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders met differensiasie om sukses te verseker.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van demonstreerbare bevoegdhede en voorbereiding vir deelname aan die samelewing. |
| | Hilda Taba | Sistematiese, induktiewe kurrikulumontwikkeling; onderwyser se hooffokus is as 'n beplanner van leer. | *Curriculum development: theory and practice* (1962) | • *Wat behoort onderrig te word?* Konseptueel gestruktureerde inhoud gebaseer op leerders se behoeftes en konteks.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Onderwysers as primêre kurrikulumontwikkelaars.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur induktiewe en reflektiewe kurrikulumontwerp.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Leerders binne spesifieke opvoedkundige kontekste.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van begrip en betekenisvolle leer. |
| | W. James Popham | Fokus op geldige en betroubare assessering; operasionalisering van leeruitkomste. *Kurrikulum* word bestempel as alle leeruitkomste waarvoor 'n skool verantwoordelik is. | *Establishing instructional goals* (1970) | • *Wat behoort onderrig te word?* Meetbare gedragsdoelwitte wat assessering moontlik maak.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Kurrikulum- en assesseringskundiges.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur gestruktureerde onderrig wat fokus op toetsbare leer.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Leerders as prestasiedemonstrateurs.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Betroubare meting van leer en verbetering van onderrigkwaliteit. |
| Ontwikkeling van kognitiewe prosesse | Benjamin Bloom | Sistematiese ordening van denkvaardighede; fokus op kognitiewe ontwikkeling en bemeestering van meetbare leeruitkomste. | *Taxonomy of educational objectives* (1956) | • *Wat behoort onderrig te word?* Hiërargiese kennis en denkvaardighede volgens die taksonomie.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Onderwysers en ontwerpers wat leerdoelwitte formuleer.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur progressiewe leeraktiwiteite wat kognitiewe groei bevorder.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Alle leerders as ontwikkelende denkers.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van hoërorde-denke en begrip. |
| | Maria Montessori | Kindgesentreerde, ontwikkelingsgebaseerde kurrikulum; fokus op selfgerigte leer en sensoriese ontwikkeling. | *The Montessori method* (1912); *The absorbent mind* (1949) | • *Wat behoort onderrig te word?* Ontwikkelingsgepaste inhoud wat leerders se natuurlike nuuskierigheid ondersteun.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Onderwysers as gidse wat leeromgewings ontwerp.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur selfgerigte en ontdekkingsgebaseerde leer.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Unieke leerders met individuele ontwikkelingsbehoeftes.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Holistiese ontwikkeling en onafhanklikheid. |
| | Jerome Bruner | Bruner beskou *kurrikulum* as 'n gestruktureerde proses waardeur leerders die fundamentele strukture van dissiplinêre kennis ontdek. Sy spiraal-kurrikulum en ontdekking-leer beklemtoon aktiewe betekenisvorming, progressiewe kompleksiteit en die ontwikkeling van hoërorde-denke. Die doel is nie bloot inhouds-verwerwing nie, maar die vorming van denkprosesse wat oordraagbaar is. | *The process of education* (1960) | • *Wat behoort onderrig te word?* Fundamentele strukture van dissiplinêre kennis.<br>• *Wie behoort te besluit wat onderrig word?* Onderwysers as fasiliteerders wat kennis struktureer.<br>• *Hoe behoort dit onderrig te word?* Deur ontdekking-leer en spiraalorganisasie van inhoud.<br>• *Aan wie behoort dit onderrig te word?* Aktiewe leerders wat betekenis konstrueer.<br>• *Met watter doel behoort dit onderrig te word?* Ontwikkeling van begrip en oordraagbare denke. |